



# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

1/-      Saterdag, 15 Julie 1939.      WINDHOEK      Saturday, 15th July, 1939.      No. 800

## INHOUD.

## CONTENTS.

	<i>Bladsy.</i>		<i>Page.</i>
<b>Proklamasies —</b>		<b>Proclamations —</b>	
No. 32. Suiwelprodukte Bemarkingsproklamasie 1939	2028	No. 32. Dairy Products Marketing Proclamation, 1939	2028
No. 33. Otavifontein Periodieke Hof: Benoeming van Otavi as die plek vir die hou van die Hof	2030	No. 33. Otavifontein Periodical Court: Appointment of Otavi as place for holding of Court	2030
<b>Goewermentskennisgewings —</b>		<b>Government Notices —</b>	
No. 119. Kommissaris van Ede, Distrik Gobabis: Aanstelling as	2030	No. 119. Commissioner of Oaths, District Gobabis: Appointment as	2030
No. 120. Registrasiebeampte vir die Geproklameerde Kring van Warmbad: Aanstelling as "Veeziekten Proklamatie, 1920":	2030	No. 120. Registering Officer for the Proclaimed Area of Warmbad: Appointment as	2030
No. 121. Psittacose Siekte	2030	No. 121. Diseases of Stock Proclamation, 1920: Psittacosis Disease	2030
No. 122. Inenting teen Longsiekte: Kaokoveld Distrik	2030	No. 122. Lung sickness Inoculation: Kaokoveld District	2030
No. 123. Karakoelnywerheid Adviesraad: Aanstelling van Lede	2031	No. 123. Karakul Industry Advisory Board: Appointment of Members	2031
No. 124. Entstowwe, Sera en Kulture of Preparate van Patogeniese Mikro-organismes: Regulasies	2032	No. 124. Vaccines, Sera and Cultures or Preparations of Pathogenic Micro-organisms: Regulations	2032
No. 125. Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939: Openings- en Sluitingsure, Munisipale Gebied Swakopmund	2033	No. 125. Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939: Opening and Closing Hours, Swakopmund Municipal Area	2033
No. 126. Sekretaris vir Suidwes-Afrika: Aanstelling as	2033	No. 126. Secretary for South West Africa: Appointment as	2033
<b>Algemene Kennisgewings —</b>		<b>General Notices —</b>	
No. 47. Mariental Dorp: Voorgestelde Verandering van naam van Kalkfontein Pad	2033	No. 47. Mariental Township: Proposed Alteration of name of Kalkfontein Road	2033
No. 52. Bankeoggawe — Mei 1939	2034	No. 52. Banks' Statement — May, 1939	2034
No. 53. Hersiening van Supplementêre Kieserslys: Kiesafdeling Warmbad	2034	No. 53. Revision of Supplementary Voters' Roll: Electoral Division of Warmbad	2034
No. 54. Maatskappy geregistreer	2034	No. 54. Company registered	2034
No. 55. Handelsmerke: Onbetaalde Hernuwingsfoeie vir die tydperk eindigende 30 Junie 1939	2035	No. 55. Trade Marks: Unpaid Renewal Fees for the period ending 30th June, 1939	2035
No. 56. Epopo Koöperatiewe Landbouvereniging: Lys van Lede	2035	No. 56. "Epopo Koöperatiewe Landbouvereniging": List of Members	2035
No. 57. Die Suidwes Koöperatiewe Landbouvereniging: Lidmaatskap van	2035	No. 57. "Die Suidwes Koöperatiewe Landbouvereniging": Membership of	2035
No. 58. Lys van Plase onder kwarantyn op 10 Julie 1939	2036	No. 58. List of Farms under quarantine as at 10th July, 1939	2036
<b>Advertensies —</b>		<b>Advertisements —</b>	
Boedelkennisgewings, ens., ens.	2036	Estate Notices, etc., etc.	2036

**PROKLAMASIES**

**VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,  
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.**

No. 32 van 1939.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet van krag in die Gebied betreffende die reëling en kontrole van die Suiwelnywerheid te wysig, ten einde die Gebied in staat te stel om deel te neem aan die voordele van die Skema vir die Reëling van die Bemaking van Suiwelprodukte van die Unie van Suid-Afrika, soos uitgevaardig ingevolge die Bylae van Proklamasie deur die Goewerneur-generaal, No. 112 van 1939;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdheide my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. Nieteenstaande enige bepaling vervat in die Suiwelnywerheid Ordonnansie, 1926, of in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931 (hierna die hoofordonnansie genoem), of in enige wysigings van bedoelde Ordonnansies, word, hiermee bepaal dat:

- (1) Alle botter en kaas in die Unie van Suid-Afrika geproduseer, wanneer dit in die Gebied ingevoer word, vrygestel is van enige heffing wat ooreenkomstig die hoofordonnansie opgelê is.
- (2) Geen botter of kaas van die Gebied uitgevoer mag word nie, behalwe op sodanige wyse soos voorgeskryf deur die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid soos ingestel op grond van die Wet op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1930 van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika en soos heringestel kragtens artikel drie van die Bylae van Proklamasie deur die Goewerneur-generaal No. 112 van 1939 (hierna die Unie Raad genoem).
- (3) (a) Geen botttervervaardiger, plaasmelkerybottermaker, kaasvervaardiger of plaaskaasmaker in die Gebied (hierna 'n produsent genoem) die produk wat hy vervaardig het mag verkoop nie, tensy hy by die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid ingestel ingevolge die hoofordonnansie (hierna die Raad genoem) geregistreer is. So 'n produsent word nie aldus geregistreer nie, tensy hy aan sodanige vereistes voldoen het as wat deur regulasie ingevolge hierdie Proklamasie voorgeskryf mag word en die Raad sy registrasie goedkeur.
- (b) Die Raad die registrasie van 'n produsent ingevolge paragraaf (a) kan goedkeur op die voorwaardes wat hy mag bepaal en die registrasie van so 'n produsent kan kanselleer as hy 'n vereiste aldus voorgeskryf of 'n voorwaarde aldus bepaal of 'n bepaling van hierdie Proklamasie, of 'n verbod, voorskrif of bevel ingevolge daarvan uitgevaardig, oortree het of in gebreke bly om daaraan te voldoen.
- (c) Wanneer die Raad die registrasie van 'n produsent ingevolge hierdie subartikel goedkeur het moet hy 'n registrasiesertifikaat in die vorm wat hy mag voorskryf, aan daardie produsent laat uitreik; en as die Raad bedoelde registrasie onderworpe aan voorwaardes goedkeur het, moet hy bedoelde voorwaardes op die betrokke registrasiesertifikaat laat spesifiseer.
- (d) 'n Registrasiesertifikaat ingevolge hierdie subartikel uitgereik op die dertigste dag van September eersvolgende na die datum van uitreiking, vervall, maar van tyd tot tyd deur die Raad hernu kan word.
- (e) 'n Produsent wie se aansoek om registrasie verwerp is of wie se aansoek om registrasie gekanselleer is by die Administrateur teen die verwerping of kansellering appell kan aanteken.

**PROCLAMATIONS**

**By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,  
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.**

No. 32 of 1939.]

WHEREAS it is desirable to amend the law in force in the Territory relating to the regulation and control of the Dairy Industry, so as to enable the Territory to participate in the benefits of the Dairy Products Marketing Scheme of the Union of South Africa, as promulgated under the Schedule to Proclamation by the Governor-General, No. 112 of 1939:

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Notwithstanding anything contained in the Dairy Industry Ordinance, 1926, or in the Dairy Industry Control Ordinance, 1931 (hereinafter called the principal Ordinance), or in any amendments to the said Ordinances, it is hereby provided, that:—

- (1) Any butter or cheese produced in the Union of South Africa shall on importation into the Territory, be exempt from any levy imposed in terms of the principal Ordinance.
- (2) No butter or cheese shall be exported from the Territory, except in such manner as shall be directed by the Dairy Industry Control Board, as established under the Dairy Industry Control Act, 1930, of the Parliament of the Union of South Africa, and as reconstituted under section three of the Schedule to Proclamation by the Governor-General No. 112 of 1939 (hereinafter called the Union Board).
- (3) (a) No butter manufacturer, farm dairy butter maker, cheese manufacturer or farm cheese maker in the Territory, (hereinafter called a producer) shall sell the product of his manufacture, unless he has been registered with the Dairy Industry Control Board established under the principal Ordinance (hereinafter called the Board). And no such producer shall be so registered unless he has complied with such requirements as may be prescribed by regulation under this Proclamation and the Board approves of his registration.
- (b) The Board may approve of the registration of any producer under paragraph (a) on such conditions as it may determine, and may cancel the registration of any such producer, if he has contravened or fails to comply with any requirement so prescribed or any condition so determined, or with any provision of this Proclamation, or any prohibition, requirement or order issued thereunder.
- (c) Whenever the Board has approved of the registration of any producer under this sub-section, it shall cause a certificate of registration, in such form as it may prescribe, to be issued to such producer; and if the said Board has approved of such registration subject to any conditions, it shall cause such conditions to be specified in the relevant certificate of registration.
- (d) A certificate of registration issued under this sub-section shall expire on the thirtieth day of September immediately succeeding the date of its issue, but may from time to time be renewed by the Board.
- (e) Any producer whose application for registration has been rejected or whose registration has been cancelled may appeal to the Administrator against such rejection or cancellation.

(4) Elke produsent op Maandag van elke week aan die Raad 'n opgawe moet verstrek in 'n vorm deur die Raad voorgeskryf aantoonende —

- (a) die onderskeie hoeveelhede botter of kaas van elke klas of graad deur hom vervaardig gedurende die week eindigende met die sluiting van besigheid op die vorige Saterdag;
- (b) die onderskeie hoeveelhede botter of kaas van elke klas of graad deur hom in voorraad gehou met die sluiting van besigheid op die vorige Saterdag;
- (c) die onderskeie hoeveelhede botter of kaas van elke klas of graad deur hom op las van die Raad gedurende die week eindigende met die sluiting van besigheid op die vorige Saterdag versend, die name en adresse van die persone aan wie botter of kaas aldus versend is, die hoeveelheid botter of kaas aan elkeen van daardie persone onderskeidelik versend en die datum van daardie versending;

Met dien verstande dat wanneer 'n kalendermaand nie op 'n Saterdag eindig nie die opgawe vir die laaste week van daardie kalendermaand ingedien moet word op die eerste dag van die eersvolgende kalendermaand vir die tydperk vanaf die vorige Saterdag tot die laaste dag van die vorige kalendermaand, en die opgawe vir die eerste week van die eersvolgende kalendermaand moet strek oor die tydperk vanaf die eerste dag van daardie maand tot die sluiting van besigheid op die eerste Saterdag van daardie maand.

Na ontvangens van die produsent moet voormelde opgawes onverwyld deur die Raad aan die Unie Raad gestuur word.

- (5) Die Raad elke in die produksie, bemarking of die praktiese uitvoering van botter of kaas betrokke persoon kan gelas om die Raad met sodanige inligting betreffende die botter of kaas te verskaf as wat so 'n persoon beskikbaar mag hê en soos die Raad mag spesifiseer.
- (6) Die Raad gemagtig is om jaarliks uit naam van die Administrasie die betalings te maak wat in paragraaf (c) van subartikel (2) van artikel *twes-en-tagtig* van die Bylae van Proklamasie deur die Goewerneur-generaal No. 112 van 1939 gespesifiseer is.

2. Enigiemand wat —

- (1) 'n bepaling van hierdie proklamasie, of 'n verbod, voorskrif of bevel ingevolge daarvan uitgevaardig oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen;

of

- (2) opsetlik in gebreke bly om aan 'n voorwaarde verbonde aan 'n registrasiesertifikaat kragtens hierdie Proklamasie aan hom uitgereik, te voldoen;

of

- (3) in gebreke bly om binne die vastgestelde tyd 'n leffing te betaal wat kragtens paragrafe (c) en (d) van subartikel (1) van artikel *agf* van die hoofordonnansie opgelê is,

is aan 'n misdryf skuldig en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond.

3. Artikel *nege-en-veertig* van die hoofordonnansie word hiermee gewysig deur die woorde „vyftig pond” wat daarin voorkom, te skrap en hulle te vervang deur die woorde „eenhonderd pond”.

4. Die Administrateur kan regulasies uitvaardig omtrent enige aangeleentheid wat ooreenkomstig hierdie Proklamasie deur regulasie gereël kan word, en algemeen om die doeleindes en oogmerke van hierdie Proklamasie uit te voer; en kan strafbepalings bepaal vir die oortreding van sodanige regulasies.

5. Hierdie Proklamasie heet die Suivelprodukte Bemarkingsproklamasie 1939 en tree in werking op 1 Augustus 1939.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

5de Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie dag van Julie 1939.

D. G. CONRADIE,  
*Administrateur.*

(4) Every producer shall forward to the Board, on Monday of every week, a return in a form prescribed by the Board showing —

- (a) the respective quantities of butter or cheese of every class or grade manufactured by him during the week ending at the close of business on the preceding Saturday;
- (b) the respective quantities of butter or cheese of every class or grade held in stock by him at the close of business on the preceding Saturday;
- (c) the respective quantities of butter or cheese of every class or grade despatched by him, on the direction of the Board during the week ending at the close of business on the preceding Saturday, the names and addresses of the persons to whom butter or cheese was so despatched, the quantity of butter or cheese respectively despatched to each such person, and the date of such despatch.

Provided that whenever any calendar month does not end on a Saturday, the return for the last week of that calendar month shall be submitted on the first day of the succeeding calendar month for the period from the preceding Saturday to the last day of the preceding calendar month, and the return for the first week of the succeeding calendar month shall be for the period from the first day of that month to the close of business on the first Saturday of that month.

On receipt from the producer the aforesaid returns shall forthwith be forwarded by the Board to the Union Board.

- (5) The Board may require every person concerned in the production, marketing or processing of butter or cheese, to furnish the Board with such information relating to such butter or cheese as may be available to such person and as the Board may specify.
- (6) The Board is empowered to make annually, on behalf of the Administration, the payments specified in paragraph (c) of sub-section (2) of section *eighty-two* of the Schedule to Proclamation by the Governor-General No. 112 of 1939.

2. Any person who —

- (1) contravenes or fails to comply with any provision of this Proclamation, or any prohibition, requirement or order issued thereunder;

or

- (2) wilfully fails to comply with any condition attached to any certificate of registration issued to him under this Proclamation;

or

- (3) fails to pay, within the stipulated time, any levy imposed in terms of paragraphs (c) and (d) of sub-section (1) of section *eight* of the principal Ordinance shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds.

3. Section *forty-nine* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words “fifty pounds” occurring therein, and the substitution therefor of the words “one hundred pounds”.

4. The Administrator may make regulations in regard to any matter which in terms of this Proclamation may be settled by regulation, and generally for the purpose of carrying out the objects and purpose of this Proclamation; and may provide penalties for the contravention of such regulations.

5. This Proclamation shall be called the Dairy Products Marketing Proclamation, 1939, and shall come into force on the first day of August, 1939.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 5th day of July, 1939.

D. G. CONRADIE,  
*Administrator.*

No. 33 van 1939.]

Op grond van en kragtens die bevoegdheid my verleen deur paragraaf (h) van artikel twee van die Magistraatshouse Proklamasie 1935 (Proklamasie No. 31 van 1935) verander ek hiermee Proklamasie No. 15 van 1920 deur Otavi, in die distrik Grootfontein, in die plek van Otavifontein, in die distrik Grootfontein, as 'n plek te benoem vir die hou van die Otavifontein Periodieke Hof met ingang vanaf 1 Augustus 1939.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 8ste dag van Julie 1939.

D. G. CONRADIE,  
*Administrateur.*

No. 33 of 1939.]

Under and by virtue of the powers in me vested by paragraph (h) of section two of the Magistrates' Courts Proclamation, 1935 (Proclamation No 31 of 1935), I do hereby vary Proclamation No. 15 of 1920 by appointing Otavi, in the district of Grootfontein, in the place of Otavifontein, in the district of Grootfontein, as a place for the holding of the Otavifontein Periodical Court with effect from the 1st day of August, 1939.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 8th day of July, 1939.

D. G. CONRADIE,  
*Administrator.*

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,  
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek,

No. 119.] [15 Julie 1939.

KOMMISSARIS VAN EDE.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel twee van die Kommissaris van Ede Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 24 van 1928) word hiermee bekend gemaak dat die Administrateur

CHRISTIAAN RUDOLPH LIEBENBERG

van Yellowbank No. 57, distrik Gobabis, aangestel het as 'n Kommissaris van Ede vir die distrik Gobabis.

No. 120.] [15 Julie 1939.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Mnr. ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM as registrasiebeampte om die gesag uit te oefen en die pligte na te kom wat aan registrasiebeamptes toegewys word deur die regulasies opgestel ingevolge die bepaling van "De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamasie 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924), ten opsigte van die geproklameerde kring van Warmbad soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 72 van die 1ste dag van Mei 1937, gedurende die afwesigheid op verlof van Mnr. P. J. J. van Niekerk vanaf 14 Junie 1939 tot 15 Julie 1939.

No. 121.] [15 Julie 1939.

"VEEZIEKTEN PROKLAMATIE, 1920":  
PSITTACOSE SIEKTE.

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge die magte hom verleen deur artikel twee van die "Veeziekten Proklamasie, 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920), te verklaar dat die siekte, bekend as psittacose 'n siekte is vir die doeleindes van genoemde Proklamasie en in gevolge daarvan vasgestelde regulasies.

No. 122.] [15 Julie 1939.

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheid deur die wet aan hom verleen, die onderstaande regulasies en bevele te maak:—

1. Bevel ooreenkomstig subartikel (2) van artikel twee van die Veesiekteswet-Wysigingsordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 5 van 1928).

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

D. D. FORSYTH,  
*Secretary for South West Africa.*

Office of the Administrator,  
Windhoek.

No. 119.] [15th July, 1939.

COMMISSIONER OF OATHS.

In terms of sub-section (1) of section two of the Commissioners of Oaths Proclamation, 1928 (Proclamation No. 24 of 1928), it is hereby notified that the Administrator has appointed

CHRISTIAAN RUDOLPH LIEBENBERG

of Yellowbank No. 57, district Gobabis, as a Commissioner of Oaths for the district of Gobabis.

No. 120.] [15th July, 1939.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. ERNST GEORG HEINRICH HERMANN BLOHM, for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the Regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of Warmbad as published under Government Notice No. 72 of the 1st May, 1937, during the absence on leave of Mr. P. J. J. van Niekerk from the 14th June, 1939, to the 15th July, 1939.

No. 121.] [15th July, 1939.

DISEASES OF STOCK PROCLAMATION, 1920:  
PSITTACOSIS DISEASE.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section two of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920), to declare that the disease known as psittacosis shall be a disease for the purpose of the aforesaid Proclamation and any Regulations made thereunder.

No. 122.] [15th July, 1939.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers conferred on him by law to make the following regulations and orders:—

1. Order in terms of sub-section (2) of section two of the Stock Diseases Law Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 5 of 1928).

Enige vee wat verwyder is na die gebied omskrew in Goewermentskennisgewing No. 91 van 1938, of wat toegelaat is om na sodanige gebied te dwaal, of wat na sodanige gebied gedwaal het, afgesien daarvan of die dwaling deur nalatigheid van die eienaar daarvan veroorsaak is of nie, moet op staande voet sonder betaling van vergoeding vernietig word.

2. Bevel ooreenkomstig paragraaf (e) van artikel *sestien* in Hoofstuk III van die "Veeziekten Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920).

Alle vee binne die gebied hierin omskrew moet ingeënt word teen die siekte bekend as Borsvlies- en Longontsteking of Longsiekte.

OMSKREWE GEBIED.

Die gebied algemeen bekend as die Kaokoveld en bestaande uit die Kaokoveld distrik soos in die Tweede Bylae van Proklamasie No. 10 van 1939 omskrywe.

3. Regulasies gemaak ooreenkomstig paragraaf (a) van artikel drie-en-twintig van die "Veeziekten Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920).

Die onderstaande regulasies het betrekking op die inenting vereis onder paragraaf twee hiervan:—

- (i) Die inenting moet deur die Beamptes van die Administrasie uitgevoer word.
- (ii) Alle vee binne die omskrew gebied moet drie keer binne die tydperk tussen 10 Julie 1939 en 15 Oktober 1939 ingeënt word, gedurende sodanige tye en op sodanige plekke as deur die gesaghebbende Goewerments-veearts vasgestel mag word.
- (iii) Onmiddelik na elke inenting moet die aldus ingeënte vee gebrandmerk word met 'n onderskeidende merk wat onder geen ander omstandighede gebruik mag word nie.

4. Regulasies gemaak onder die algemene bevoegdhe verleen deur artikel drie-en-twintig van die "Veeziekten Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920):

- (1) (a) Na afloop van die inenting genoem in paragrawe twee en drie van hierdie Goewermentskennisgewing word enige dier wat in die gebied omskrew in paragraaf twee van hierdie Goewermentskennisgewing sonder 'n brandmerk gevind word, en wat ooreenkomstig bedoelde paragrawe twee en drie ingeënt moes gewes het, op staande voet sonder betaling van vergoeding vernietig.
- (b) Die las om te bewys dat die dier om enige rede nie onder die verpligting was om ingeënt te word nie, rus op die eienaar of persoon onder wie se sorg die dier is.
- (2) Regulasie 1 van hierdie paragraaf is van krag tot die 30ste September 1940.

Goewermentskennisgewing No. 92 van 10 Junie 1938 word hiermee herroep.

Any cattle which have been removed or allowed to stray or which have strayed into the area described in Government Notice No. 91 of 1938, whether or not the straying has been caused by the negligence of the owner thereof shall be summarily destroyed without payment of compensation.

2. Order in terms of paragraph (e) of section *sixteen* in Chapter III of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920).

All cattle within the area herein defined shall be inoculated against the disease known as Pleuro-pneumonia or Lung-sickness.

DEFINED AREA.

The area commonly known as the Kaokoveld and consisting of the Kaokoveld district as defined in the Second Schedule to Proclamation No. 10 of 1939.

3. Regulations made in terms of paragraph (a) of section *twenty-three* of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920).

The following regulations shall apply to the inoculation ordered by paragraph two hereof:—

- (i) The inoculation shall be carried out by the Administration's officers.
- (ii) All cattle within the defined area shall be inoculated three times within the period 10th July, 1939, to 15th October, 1939, at such times and at such places as may be fixed by the Government Veterinary Officer in charge.
- (iii) Immediately after each inoculation the cattle so inoculated shall be branded with a distinctive mark which brand mark shall be used in no other circumstances.

4. Regulations made under the general powers conferred by section *twenty-three* of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920):

- (1) (a) After the completion of the inoculation mentioned in paragraphs two and three of this Government Notice, any beast that is found unbranded within the area defined in paragraph two of this Government Notice, which should have been inoculated in terms of the said paragraphs two and three, shall be summarily destroyed without payment of compensation.
- (b) The proof that the beast need not, for any reason, have been so inoculated shall rest upon the owner or person in charge thereof.
- (2) Regulation 1 of this paragraph shall have effect until the 30th September, 1940.

Government Notice No. 92 of the 10th June, 1938, is hereby cancelled.

No. 123.]

[15 Julie 1939.

KARAKOELNYWERHEID ADVIESRAAD:  
AANSTELLING VAN LEDE.

Dit het die Administrateur behaag om op grond van en kragtens die bevoegdhe hom verleen deur artikel een van die Ordonnansie op die Ontwikkeling van die Karakoelnywerheid 1939 (Ordonnansie No. 5 van 1939) sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die onderstaande persone vir 'n tydperk van twee jare as lede van die Karakoelnywerheid Adviesraad wat deur voormelde Ordonnansie in die lewe geroep is:—

- 1. Mnr. Francois Johannes Pretorius, Rooiberg Suid, Maltahoë;
- 2. Mnr. Samuel Proctor, Farn Treuenfeld, P.K. Bus 7, Omaruru;
- 3. Mnr. Ludwig Wilhelm Friedrich, Farn Zierenberg, P.K. Bus 33, Kalkfeld;
- 4. Mnr. Hermann Johannes Middendorff, Voigtsgrund, Mariental;
- 5. Mnr. Carl List, Windhoek.

No. 123.]

[15th July, 1939.

KARAKUL INDUSTRY ADVISORY BOARD:  
APPOINTMENT OF MEMBERS.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section one of the Karakul Industry Development Ordinance, 1939 (Ordinance No. 5 of 1939), to appoint the persons hereinafter set out and described, for a period of two years, as members of the Karakul Industry Advisory Board, constituted by the aforementioned Ordinance:—

- 1. Mr. Francois Johannes Pretorius, Rooiberg Suid, Maltahoë;
- 2. Mr. Samuel Proctor, Farn Treuenfeld, P.O. Box 7, Omaruru;
- 3. Mr. Ludwig Wilhelm Friedrich, Farn Zierenberg, P.O. Box 33, Kalkfeld;
- 4. Mr. Hermann Johannes Middendorff, Voigtsgrund, Mariental;
- 5. Mr. Carl List, Windhoek.

## GEVAARLIKE ENTSTOWWE EN KULTURES.

Ek, DAVID GIDEON CONRADIE, Administrateur van Suidwes-Afrika, maak hiermee bekend, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen ooreenkomstig artikel 36 (t) en artikel 134 van "De Volksgezondheidswet 1919" (Wet No. 36 van 1919 van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika), soos op die Gebied toegepas en vir die doel gewysig deur die "Publieke Gezondheids Proklamatie, 1920" (Proklamasie No. 36 van 1920), en deur latere wysigings van tyd tot tyd, dat die volgende regulasies in die hele Gebied van krag sal wees.

## REGULASIES MET BETREKKING TOT ENTSTOWWE, SERA EN KULTURES OF PREPARATE VAN PATOGENIESE MIKRO-ORGANISMES.

1. (a) Enige gesondheidsampenaar, patoloog of geneeskundige inspekteur in diens van hierdie Administrasie of ander geneeskundige ampenaar spesiaal daartoe gemagtig deur die Administrateur mag die monsters daarvan inspekteur en ondersoek of kan die verskaffing vir ondersoek vorder van monsters van enige entstof, pokstof, serum of dergelike selfstandigheid in die Gebied ingevoer of vervaardig en bedoel of gebruik vir die verhinderd of behandeling van menslike siektes.

(b) Die Administrateur kan by wyse van kennisgewing in die *Offisiële Koerant* of by wyse van 'n order op die betrokke persoon, in afwagting van die publikasie van sodanige kennisgewing, die invoer, vervaardiging, verkoop of gebruik van enige sodanige entstof, pokstof, serum of dergelike selfstandigheid wat beskou word onveilig te wees of wat skadelik of verderflik kan wees, belet.

(c) Ten einde hierdie regulasies behoortlik te kan uitvoer, sal dit nie wettig wees nie, na verloop van drie maande vanaf die datum van die afkondiging daarvan, vir iemand om enige sodanige entstof, pokstof, serum of dergelike selfstandigheid in te voer, te vervaardig, verkoop of te gebruik, tensy die bottel, pakkie of inhoudsaam voor sien is van 'n etiket waarop vermeld word die naam en adres van die vervaardiger en of die datum van vervaardiging of die datum waarna die selfstandigheid nie meer vir gebruik aanbeveel word nie.

2. Niemand mag enige kultuur of preparaat van enige patogeniese mikro-organisme of ander materiaal wat siekte in die mens kan veroorsaak, in die Gebied invoer, vervoer of deurstuur nie, sonder vooraf die skriftelike verlof van die Administrateur daarvoor te verkry het. Hierdie verlof kan algemeen of spesiaal wees en is onderworpe aan die voorwaardes of vereistes wat daarin uiteengesit mag wees.

3. Niemand mag enige kultuur of preparaat van enige patogeniese mikro-organisme of ander materiaal wat 'n besmetlike siekte kan veroorsaak, hou, wegstuur of gebruik nie, sonder vooraf die skriftelike verlof van die Administrateur daarvoor te verkry het. Hierdie verlof kan algemeen of spesiaal wees en is onderworpe aan die voorwaardes of vereistes wat daarin uiteengesit mag wees. Hierdie regulasie is nie van toepassing op diagnostiese ondersoeke deur geneeskundige praktisyne of goedgekeurde verterse of op die versending van plekke binne die Gebied van monsters of materiaal vir so 'n ondersoek nie.

4. Elkeen wat 'n kultuur of preparaat van enige patogeniese mikro-organisme of ander materiaal wat siekte in die mens kan veroorsaak, versend, hou of gebruik, is verantwoordelik om te alle tye doeltreffende maatreëls te neem om die veilige bewaring, versending of gebruik van so 'n materiaal te verseker en teen enige toevallige besoedeling met of verspreiding van die besmetting te verhinder of daarteen te waak.

5. Enige gesondheidsampenaar, patoloog of geneeskundige inspekteur in diens van hierdie Administrasie of ander geneeskundige ampenaar spesiaal daartoe gemagtig deur die Administrateur kan te enige tyd 'n inspeksie of ondersoek hou ten einde homself te vergewis of die vereistes van hierdie regulasies of die voorwaardes van die permit daaronder uitgereik, behoortlik nagekom is. Wanneer dit vir die Administrateur blyk dat iemand sodanige vereiste of voorwaarde nie behoortlik nagekom het nie, kan die Administrateur gelas dat so 'n persoon belet word om enige kultuur of preparaat van enige patogeniese mikro-organisme of ander materiaal, wat siekte in die mens kan veroorsaak, in te voer, te vervoer, versend, hou of te gebruik, en dat enige sodanige kultuur preparaat of materiaal, in besit of bewaring van so 'n persoon deur 'n geneeskundige ampenaar van die Administrasie inbeslaggenem of vernietig word.

## DANGEROUS VACCINES AND CULTURES.

I, DAVID GIDEON CONRADIE, Administrator of South West Africa, hereby give notice, under and by virtue of the powers vested in me in terms of section 36 (t) and section 134 of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919 of the Parliament of the Union of South Africa), as applied to the Territory and modified for the purpose by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation No. 36 of 1920), and by subsequent amendments from time to time, that the following regulations shall be in force throughout the Territory.

## REGULATIONS REGARDING VACCINES, SERA AND CULTURES OR PREPARATIONS OF PATHOGENIC MICRO-ORGANISMS.

1. (a) Any health officer, pathologist, or medical inspector employed by this Administration or other medical officer specially authorised thereto by the Administrator may inspect, take samples of, and examine or may require the furnishing for examination of samples of any vaccine, vaccine lymph, serum, or similar substance imported into or manufactured in the Territory and intended or used for the prevention or treatment of human disease.

(b) The Administrator may, by notice in the *Gazette*, or by order on the person concerned, pending the publication of such notice, prohibit the importation, manufacture, sale or use of any such vaccine, vaccine lymph, serum, or similar substance which is considered to be unsafe or to be liable to be harmful or deleterious.

(c) In order to enable the proper carrying out of these regulations it shall not be lawful, after a period of three months from the date of promulgation thereof, for any person to import, manufacture, sell or use any such vaccine, vaccine lymph, serum or similar substance unless the bottle, package or container bears or has affixed to it a label stating the name and address of the manufacturer, and either the date of manufacture or the date after which the substance is not recommended for use.

2. No person shall import, convey, or transmit into the Territory any culture or preparation of any pathogenic micro-organism or other material capable of causing disease in man without first obtaining the written permission of the Administrator therefor. Such permission may be general or special, and shall be subject to such conditions or requirements as may be specified therein.

3. No person shall keep, transmit, or use any culture or preparation of pathogenic micro-organism or other material capable of causing any infectious disease without first obtaining the written permission of the Administrator therefor. Such permission may be general or special, and shall be subject to such conditions or requirements as may be specified therein. This regulation shall not apply to diagnostic examinations by medical practitioners or approved veterinary surgeons, or to the transmission from places within the Territory of specimens or material for such examination.

4. Every person transmitting, keeping, or using any culture or preparation of any pathogenic micro-organism or other material capable of causing disease in man shall be responsible for the taking at all times of effective measures to ensure the proper and safe keeping, transmission, or use of such material and to prevent or guard against any accidental contamination with or dissemination of the infection.

5. Any health officer, pathologist, or medical inspector employed by this Administration, or other medical officer specially authorised thereto by the Administrator, may at any time make any inspection or examination in order to ascertain whether the requirements of these regulations or the conditions of any permit issued thereunder are being properly complied with. Where it appears to the Administrator that any person has not properly complied with any such requirement or condition the Administrator may make an order prohibiting such person from importing, conveying, transmitting, keeping or using any culture or preparation of any pathogenic micro-organism or other material capable of causing disease in man, and for the seizure or destruction by a medical officer of the Administration of any such culture preparation, or material in the possession or custody of such person.

6. Iemand wat skuldig is aan 'n oortreding of versuim om hierdie regulasies of enige verordening of skriftelike verlof daaronder uitgereik na te kom, is onderhewig aan die strawwe wat in artikel *eenhonderd nege-en-veertig* van "De Volksgezondheidswet, 1919", toegepas en gewysig, soos voormeld, voorgeskryf is.

6. Any person guilty of a contravention of or failure to comply with these regulations or any order or written permission issued thereunder shall be liable to the penalties prescribed in section *one hundred and forty-nine* of the Public Health Act, 1919, applied and amended as aforesaid.

No. 125.]

[15 Julie 1939.

Dit het die Administrateur behaag om, op grond van en kragtens die bevoegdheide hom verleen deur subartikel (2) van artikel *drie* van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie No. 15 van 1939), te bepaal dat, ten aansien van die gebied wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit Swakopmund val, die openings- en sluitingsure in subartikel (1) van artikel *drie* van bedoelde Ordonnansie bepaal, verander en gewysig word om as volg te lui:—

MUNISIPALE GEBIED SWAKOPMUND.

	Openingsure.	Sluitingsure.
Weeksdae, behalwe Saterdag .	8 v.m.	1 n.m.
	3 n.m.	6.30 n.m.
Saterdag . . . . .	8 v.m.	1.30 n.m.

No. 125.]

[15th July, 1939.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (2) of section *three* of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance 1939 (Ordinance No. 15 of 1939), to provide that, in regard to the area falling within the jurisdiction of the Swakopmund Municipality, the opening and closing hours stipulated in sub-section (1) of section *three* of the said Ordinance shall be altered and amended to read as follows:—

SWAKOPMUND MUNICIPAL AREA.

	Opening Hours.	Closing Hours.
Weekdays, except Saturdays . . . . .	8 a.m.	1 p.m.
	3 p.m.	6.30 p.m.
Saturdays . . . . .	8 a.m.	1.30 p.m.

No. 126.]

[15 Julie 1939.

AANSTELLING VAN SEKRETARIS VIR SUIDWES-AFRIKA.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Weledele Heer DOUGLAS DAVID FORSYTH aangestel is as Sekretaris vir Suidwes-Afrika met ingang vanaf 13 Julie 1939.

No. 126.]

[15th July, 1939.

APPOINTMENT OF SECRETARY FOR SOUTH WEST AFRICA.

It is hereby notified for general information that DOUGLAS DAVID FORSYTH, Esquire, has been appointed Secretary for South West Africa with effect from the 13th July, 1939.

Algemene Kennisgewings.

General Notices.

(No. 47 van 1939.)

(No. 47 of 1939.)

Kennis geskied hiermee, ooreenkomstig artikel *derlig*, sub-artikel (2) van die Dorpe Ordonnansie No. 11 van 1928, dat aansoek gedoen is deur die Dorpsbestuur, Mariental, om die Algemene Plan van die Mariental dorp (S.G. No. A. 195/21 die Algemene Plan van die Mariental deur die naam van die gedateer 29 Oktober, 1921) te wysig deur die naam van die publieke straat in die dorp nou geregistreer as "Kalkfontein Pad" te verander na "Albert Voigt Pad".

It is hereby notified, in terms of section *thirty*, sub-section (2) of the Townships Ordinance No. 11 of 1928, that application has been made by the Village Management Board, Mariental, to alter the General Plan of the township of Mariental (S.G. No. A. 195/21, dated 29th October, 1921), by changing the name of the public street in the township now registered as "Kalkfontein Road" to the name "Albert Voigt Road".

Kaarte wat die voorgestelde wysiging aandui lê ter insage gedurende kantoorure by die kantore van die Dorpsbestuur, Mariental, en die Landmeter-generaal, Windhoek.

Plans showing the proposed alteration are open to inspection during office hours at the offices of the Village Management Board, Mariental, and the Surveyor General, Windhoek.

Enige beswaar hierteen moet skriftelik ingedien word by die Kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek, nie later as 17 Oktober 1939.

Any objection thereto must be lodged in writing with the Surveyor General, Windhoek, not later than the 17th October, 1939.

A. C. PARRY,  
Landmeter-generaal.

A. C. PARRY,  
Surveyor General.

Kantoor van die Landmeter-generaal,  
Windhoek,  
15 Junie 1939.

Office of the Surveyor General,  
Windhoek,  
15th June, 1939.

(No. 52 van/of 1939.)

BANKEOPGAWE, MEI 1939, INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN PROKLAMASIE No. 29 van 1930, DIE BANKE-  
PROKLAMASIE 1930.

BANKS' STATEMENT, MAY, 1939, IN TERMS OF SECTION 7 OF PROCLAMATION NO. 29 OF 1930,  
THE BANKS PROCLAMATION, 1930.

BANK	Liabilities to the Public in S.W. Africa Verpligtings teenoor die Publik in Suidwes - Afrika				Cash Reserves in South West Africa Kontant Geldreserwes in S.W.-Afrika				Advances and Discounts in South West Africa Voorskotte en Diskontos in Suidwes - Afrika	
	Deposits etc. / Depositos ens.			TOTAL TOTAAL	Gold Coin Oemunte Ooud	Subsidiary Coin Pasmunt	South Africa Reserve Bank Notes Note van die Suid- Afrikaanse Reserve- bank.	Notes of other Banks S. W. Africa issue. .ote van die ander Banke wat in S.W.- Afrika uit- gereik is.	Advances Voorskotte	Discounts Diskontos
	Demand Opvorder- bare	Time Tyd	Bank notes issued in and payable in the Territory of S.W. Africa in circulation. Banknote uit- gereik in en betaalbaar in die Gebied S.W. Afrika in omloop.							
	£	£	£	£	£	£	£	£	£	£
The Standard Bank of South Africa, Limited . . . . .	609,392	58,013	175,389	842,794	1,899	10,931	1,306	46,932	470,121	89,797
Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas) . . . . .	445,339	67,385	146,714	659,438	238	5,928	383	32,943	290,264	
Ohlthaver & List Trust Co., Ltd . . . . .	10,452	1,537	—	11,989	—	13	—	2,700	45,056	

(No. 53 van 1939.)

GEBIED SUIDWES-AFRIKA.

REGISTRASIE VAN KIESERS.

KIESAFDELING WARMBAD.

REGISTRASIEAMPTENAAR SE KENNISGEWING VAN  
DIE HOFSTITTING VAN DIE HERSIENINGSAMPTENAAR.

Hierby word bekendgemaak dat die Hersieningsamptenaar, die Magistraat, Warmbad, te WARMBAD op die 1ste dag van Augustus 1939, om 10 uur v.m., sitting sal hou om die Supplementêre Kieserslys vir die Kiesafdeling Warmbad te verbeter, te hersien en vas te stel.

